

Lekkerbekkie Nuusbrief

13 AUGUSTUS 2014 | UITGAWE 68



Inhoud:

- * Gratis kinderstories: 'n Eienaardige teepartytjie
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

'n Eienaardige teepartytjie deur Anna Emm

Vandag besluit die dogtertjie, Elsie, om 'n teepartytjie saam met haar gunsteling poppe te hou. Sy gooi 'n kombesie netjies op die vloer. Dan pak sy teekoppies uit vir haar, haar lappop, en vir Teddie. So ja, nou kan hulle mos lekker tee drink! Maar wag 'n bietjie, hulle het nie tee nie!

"Mamma?" vra Elsie vir haar mamma. "Kan ek asseblief 'n bietjie regte tee in my teepot kry?" Elsie se mamma gooi 'n bietjie tee in die teepotjie, en sê: "Moenie dat dit uitmors op die mat nie, hoor?"

Nou begin die teepartytjie. Elsie skink versigtig vir haarself van die regte tee uit die teepotjie in haar teekoppie. Sy skink nie vir die poppies of vir Teddie regte tee nie, want hulle kan mos nie regtig drink nie! Hulle is net speelgoed!

Maar o aarde! Toe Elsie haar teekoppie lig om 'n slukkie te va, is haar teekoppie leeg! Sy loer in die ander koppies om te sien of sy nie dalk die verkeerde koppie opgetel het nie, maar nee, ál die teekoppies is leeg! "Wie van julle stouters het my tee gedrink?" raas sy en kyk kwaai na die poppies. Maar nie een van hulle sê 'n woord nie. Hulle kan mos nie praat nie! Hulle is net speelgoed.

"Mamma?" vra Elsie weer vir haar mamma. "Kan ek nóg 'n bietjie regte tee in my teepot kry?"

"Sjoe, maar jy drink vinnig!" sê haar mamma. "Maar dis nou laaste hoor?" Haar mamma maak die teepotjie weer vol tee, en Elsie dra dit versigtig terug na die teepartytjie op die mat. Wéér skink sy vir haarself van die tee uit die teepotjie in haar koppie. Sy maak dit lekker vol, maar sy skink nie vir die ander van die tee nie. Hulle kan mos nie regtig drink nie! Hulle is speelgoed.

Maar liewe land! Net toe Elsie haar koppie lig om 'n slukkie van die lekker tee te drink, sien sy dat dit alweer leeg is! Wat gaan aan? "Wie van julle drink my tee?" raas sy met die poppies. Maar niemand antwoord nie.

Net toe sien Elsie ietsie beweeg daar langs Teddie. Haar oë rek groot, want dis sowaar 'n muisie wat daar wegskarrel! Vinnig gryp Elsie hom aan die stert en lig hom op. "Is jý die een wat my tee drink, jou stoutert?" raas sy.

Die muisie lyk baie skaam. "Ek was net so vreeslik dors," sug hy. "En die tee was so lekker! Kan ek nie maar sáám met julle 'n teepartytjie hou nie?"

Elsie dink so 'n bietjie. Dit sal baie lekkerder wees om 'n teepartytjie te hou saam met iemand wat regtig kan tee drink! Die poppe is vervelig! Sy sit die muisie neer, en loer gou in die pot. Daar is nog net 'n klein bietjie tee. Versigtig deel sy dit vir haar en die muisie – 'n bietjie in háár koppie en 'n bietjie in sý koppie. Heerlik kuier hulle toe saam met die poppe terwyl hulle tee drink. 'n Klein bietjie tee saam met 'n muis is beter as 'n hele koppie vol tee op haar eie, dink Elsie tevrede.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Vier Lekkerbekkie-boeke vol stories!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Het jy geweet al die stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe is beskikbaar in stewige A4 boeke (daar is al vier boeke vol stories!) teen R65 elk? Elke boek bevat 15 stories en inkleurprentjies, en so kan jy sekermaak dat jy nie uitmis op enige van ons Lekkerbekkie-stories nie!

Bestel jou boeke nou by 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za – of Anna Emm agente landswyd. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.



Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstorie-produkte te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

'n Eenaardige teepartytjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za